

**Vrydag 29 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 18:20-46**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 18:36-39**

**God praat vurig tot versoening, tot bekering**

Die kernvraag en die mees verreikende aan elke mens: Wie is waarlik jou God? Die natuurgodsdiens waar alles van opstaantyd tot slaaptyd draai om my liggaamlike bestaan? Is dit my eie voorspoed, sukses, vooruitgang en hoe ek die lewe kan geniet (uitgebeeld in Baäl en Astarte)? Of God, die Vader van ons Here Jesus Christus?

Elia se daadprediking begin met die herstel van die stukkende altaar. God wil die verhouding, deur die sondaar verbreek, herstel. Die tyd is die aandoffer of spysoffer. Ná die dag se werk kan God se volk die Here dank dat hulle kan werk, vir die seën op hulle werk – hulle inkomste en vooruitgang, en dat hulle in hulle werk die goeie kan geniet. Die bul word geslag, opgesny en bo-op die hout op die altaar geplaas. Die altaar en alles op en rondom die altaar word met water deurdrenk.

Dan bid Elia tot God. Dat God hom sal antwoord. Dat die volk 'n duidelike antwoord kry. 'n Kort gebed wat in skerp kontras staan met die rituele van die heidenprofete. Van vroegoggend tot laatmiddag het hulle gedans, hulleself stukkend gesny en babbelend geprofeteer.

God antwoord met vuur uit die hemel. So het Hy dit gedoen met die verbond met Abraham (Gen. 15), met die inwyding van die tabernakel (Lev. 9) en die tempel (2 Kron. 7). Vurig antwoord God om afgedwaalde sondaars terug te bring, tot erkenning: die Here is God.

In ons dae praat God duidelik en volkome deur die Seun (Heb. 1:1). Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy het gekom om met die Heilige Gees en met vuur te doop. Hy is self deur die vuur van God se toorn verswelg, waardeur God vurig praat teenoor die sonde. Hy is die versoening vir ons sonde, tot bekering. Hy doop ons met die Heilige Gees om lewende getuienis te wees: Die Here is God.

Maar Hy doop ook met vuur om die wat steeds probeer om én God én hulle vooruitgang, welvaart, sukses en lewensgenot tegelyk te dien, soos die kaf van koring met vuur te verbrand.

*Sing: Psalm 18-1:4, 7, 9*

*Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)*